

N.G. Gemeente Vaalpark

# Gebedsbulletin no 20

**14 Mei 2023**

## Die Heilige Gees (2)
## Wie is die Heilige Gees?

**Die Heilige Gees is Persoonlik**
**Die definisie van 'n "persoon" is: 'n wese wat bewus is van die self, en selfbepalend kan dink, voel en doen. Daar kan vir Heilige Gees gelieg word (Hand 5:3), teen Hom gelaster of teen Hom gepreaat word (Matt 12:31-32). Hy kan bedroef word (Ef 4:30). Hy oortuig mense (Joh 16:7-10), Hy beskik oor intelligensie (Rom 8:27). Het 'n wil (1Kor 12:4-11), Hy leer ons (Joh 14:26;16:13) en vertroos (Joh 14:16). Hy praat met mense (Hand 13:2), bid (Rom 8:26) en lei ons (Rom 8:14). Die Heilige Gees is ons Helper en is waardig van ons liefde, verering en aanbidding.**
**Waar is die Heilige Gees?**
**Die Bybel sê God is in die hemel met Jesus aan Sy regterhand. Die Heilige Gees is alomteenwoordig op aarde. Hy woon in God se kinders (1 Kor 6:19-20). Gelowiges se liggame is Sy tempel.**
**Die Heilige Gees bou die Liggaam van Christus**
**Die Heilige Gees is God op aarde. Hy kom woon in gelowiges wanneer hulle Hom in hulle harte nooi. Hy bemagtig hulle om Jesus lief te hê, oor Hom te getuig en om heilige lewens te lei. Hy bemagtig ook gelowiges om Sy werk op aarde te doen, dit sluit in om wonderwerke te doen. Sonder die Heilige Gees is dit onmoontlik om die liggaam van Christus te bou. 'n Christen wat nie met die krag van die Heilige Gees vervul is nie, beperk God se werk deur hulle.**
**Wat doen die Heilige Gees?**
**Die Heilige Gees was nog altyd baie aktief in die mensdom se aangeleenthede. Hy was beterokke by die skepping van die wêreld en die mens (Gen1:26-27). In die Ou Testamentiese tyd het die Heilige Gees op spesifieke individue gekom en hulle bemagtig vir hul Godgegewe bediening, bv profete, priesters, rigters, konings en manne en vroue wat deur die Here geroep is vir bepaalde take. Enkele voorbeelde sluit in: Moses (Num 11:29), Josef (Gen 41:38), Besaleël (Eks 31:3), Elia en Elisa (2 Kon 2:9), koning Dawid (Ps 51:12), Josua (Deut 34:9), Gideon (Rig 6:34) en Daniël (Dan 4:9).**

**Dankie!**

- **Vir die bediening van die Heilige Gees!**
- **Vir Sy alomteenwoordigheid en Sy bemoeienis met ons!**
- **Vir al die wonders in ons lewens! Só, só baie om voor dankbaar te wees!**
- **Vir die welkome reën oor groot dele van ons land!**
- **Vir die Kerk van Christus!**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug in skole en studente – dat hulle ook God se hart vir hulle sal ontdek.
- Vir die Eskom krisis..

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie — Cedric Wiegand
- Maria Steyn — Ria Putter
- Oom Sampie Swart — Oom Stoffel Reynders
- Jaco Steenkamp — Louis Strauss
- Tannie Marinda Jordaan — Heleen J van Vuuren
- Ina van der Merwe — Stefaans du Plessis
- Annika Killian — Sumari Pretorius
- Oom Eberhard Carshagen — Leonie Kruger
- Petrus Venter — Heleen Lamont
- Benny Janssen — Jillian Jansen

Dink in gebed aan : Jaco & Karen Meyer & Familie met die afsterwe van haar ma tannie Louise
.

**Gedagte vir die week**

**“Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.”**
**Joh 15:26**

Gebedsversoeke:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org